**BYBELVERS UITBEELDING:**

**1. Rom 12:2 :**
**"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."**

**2. Ef 6:14-17 Wapenrusting**
**"Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak van God as borsharnas en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die bose kan afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God"**

**3. Joh 14:6**
**Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."**

**4. Joh 3:16**
**"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê"**

**5. Jes 49:16**
**"Ek het jou naam in my handpalms gegraveer, Ek sien jou mure altyd voor my."**

**6. Gal 5:22**
**" Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."**

**7. Joh 7:38**
**"Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei:**

**8. Jak 4:8**
**"Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars"**

**9. Spr 18:10**
**"Die naam van die Here is 'n sterk vesting: die regverdige vind daar skuiling"**

**10. Matt 6:3-4**
**"Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon"**

**11. Rom 8:37**
**"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet"**

**12. Open 3:20**
**"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."**

**13. Open 3:15-16**
**"Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg"**

**14. Fil 3:13-14**
**"Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en ek strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus"**

**15. Matt 10:30-31**
**"Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies"**

**16. Ps 27:14**
**"Vertou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!"**